**Vrydag 22 April**

**Skrifgedeelte: Handelinge 17:16-28**
**Fokusgedeelte: Handelinge 17:25**

## God sorg liggaamlik en geestelik vir jou

Bo van die Areopagus af kyk Paulus en sy ondervraers na die stad, en kon hulle verskeie van die afgodsbeelde in die stad sien. Die Ateners het die beelde van hulle gode baie goed geken. Hulle moes die beelde versorg en in stand hou.

Paulus het by die wêreld van sy hoorders aangesluit. Hulle was baie godsdienstig. Tussen al die gode het hy ’n altaar “aan ’n onbekende god” gesien. Hy het dit as aanknopingspunt gebruik om God aan hulle te verkondig.

Daar is ’n groot kontras tussen die Griekse gode en die ware God. Die Grieke moes hulle gode in stand hou. Die ware God is die oorsprong van alles. Hy is die Here wat die hemel en die aarde gemaak het en dit onderhou. Hy kan nie in ’n beeld vasgevang word nie, is alomteenwoordig en nie van menslike versorging afhanklik nie. Hy is die versorger van die mens. Hy sorg vir alle mense deur sy algemene genade. Hy gee lewensasem en wat hulle nodig het.

Die Here sorg nie net liggaamlik nie, maar ook geestelik. Ná die sondeval het God sy Seun, Jesus Christus, gestuur om vir elke gelowige se sonde in te staan. Hy herskep dié gelowige deur sy Gees tot ’n nuwe mens wat vir Hom wil leef.

Hy is die Voorsiener, die Een van wie ek en jy afhanklik is. Hy is die God wat vir jou sorg.

*Sing: Psalm 93:1 (1936)*

*Dr. PJ (Peet) Vermeulen (Wapadrant)*